

Oor die Hooglied van Salomo

# 169

(vervolg) [18] Ek (JaHshua) sê: "Des te beter,

want hoe onmoontliker jy dit nou vind, des te wonderbaarliker sal die verklaring straks vir jou wees. Maar dit is nou ook wonderbaarlik dat jy en die ander wat ook so daaroor dink, met oop oë nog steeds niks kan sien nie, en met oop ore niks kan hoor nie! Maar kom ons laat dit daar! Omdat jy so bekend is met Hooglied, kan jy na die twee verse die derde ook nog opsê, dan kan Ek dadelik die raaisel wat vir jou so onoplosbaar is, tot jou volle tevredenheid oplos!"

[19] Simon sê: "O wee, die derde vers ook nog?! Vir U, o Meester, doen ek met liefde alles wat U van my verlang, maar ek kan U verseker dat my maag andersins byna daarvan omdraai!

[20] Die derde vers is éérs regte wartaal. As ek my dit goed herinner, lui die beroemde derde vers ongeveer so: 'Trek my agter jou aan, dan loop ons! Die koning lei my sy vertrek binne. Ons verheug ons en is bly oor jou; ons dink meer aan jou liefde as aan jou wyn. Die godvrugtiges (vromes) hou van jou.'

[21] Dit is dan dit! Wie dit kan verwerk, verwerk dit! As daar in die begin nou maar sou staan: 'Trek my agter jou aan, dan loop ek!'; maar daar volg: 'dan loop ons!' Wie is die een wat voortgetrek wil word en wie vervolgens die 'ons' wat loop?

[22] 'Die koning lei my sy vertrek binne.' Watter koning dan, die ewige, of die een of ander tydelike en wêreldse? Dié sin is andersins nog een van die beste.

[23] 'Ons verheug ons en is bly oor jou.' Hier sou ek graag wou weet wie die 'ons' is en oor wie hulle bly is!

[24] Verder dink dié sekere onbekendes meer aan die ewe-eens onbekende liefde as aan die wyn, waarvan ook nie gesê word van welke kwaliteit dit is nie!

[25] Wie is aan die einde die hoogs onbekende 'jou' waarvan die godvrugtiges hou? O, 'n onduideliker manier van praat bestaan daar gewis nie!

[26] Wat 'n armsalige drommel is die mens van hierdie aarde tog! Hy begin met niks, leef met niks en eindig ten slotte weer met niks. As hy gedurende die betere en heldere periode van sy lewe meen om iets te begryp, maar vervolgens ongelukkigerwys in aanraking kom met Salomo se Hooglied, is dit heeltemal gedaan met die dwaas; want sodra dit aan die mens eenmaal deur woord of geskrif deur 'n ander mens duidelik gemaak is dat sy wysheid glad niks voorstel nie, is dit ook heeltemal gedaan met die mens self, dit wil sê, hy leef nog wel verder, maar as 'n dwaas wat nie meer in staat is om nog iets te bevat en te begryp nie! As die mens net soos ek sover gekom het dat daar geen vooruitgang meer is nie, keer hy om en begin soos 'n dier slegs nog maar te veeteer. Waarom sou hy ook verdere moeite doen vir niks nie en nog eens duisend maal niks nie?!

[27] Waarlik, Majesteit en Meester, U het ons gedurende hierdie nag op die berg dinge laat sien wat op hierdie aarde nog nooit aan sterwelingen getoon is nie! Ek verstaan en weet nou enorm baie. Maar waarom verstaan ek Salomo se wysheid dan nie? Mag geen mens dit dalk begryp nie, of is dit werklik - waar dit uiterlik gesien veel van weg het - vrome waansin, dus beslis nooit te verstaan nie? Of lê daar tog bepaalde geheime in verborge dinge wat van die grootste lewensbelang is?

[28] Wat dit ook al is, sê dit vir my! - want van U alleen glo ek wat U in erns daaroor sal sê; want U kan die Hooglied wel begryp, as dit enigsins te begrype is! Maar as die hele Hooglied maar net 'n laaste wysheidswaan van Salomo is, sê dit dan ook vir my, dan gooi ek dadelik die hele Hooglied in 'n afvoerput, dan kan die bewoners daarvan Salomo se wysheid begin bestudeer!

## Die sleutel tot die verstaan van Hooglied

# 170

Ek sê: "Vriend, jy dryf die grap wel baie ver,

daarom sou Ek nou dieselfde aan jou wou sê wat 'n beroemde skilder eens aan 'n skoenmaker gesê het! Maar dit kan by jou nou nog nie anders wees nie, want volgens Salomo het immers alles sy regte tyd op hierdie aarde. Maar bedaar nou eers en toon baie goeie wil, dan sal jy 'n nadere uitleg kry oor Salomo se Hooglied en oor die wyse waarop dit volledig ooreenstem met My kort aanmaning op die berg.

[2] Salomo het in sy Hooglied maar net met allerlei beelde, wat vol geestelike simboliek is, My huidige bestaan profeties van daad tot daad, van plek tot plek, en met alle gevolge vir die mense beskryf. Sy onderwerp is alleenlik Ek; 'Hy' en 'Jy', 'Hom' en 'Ek' verwys almal na My. Die een wat deur Salomo met My praat, is sy eie gees, in die enkelvoud en in die meervoud is dit die geeste van die volk wat hulle in 'n sekere sin vir één en dieselfde doel in Salomo se konings- en heersersgees verenig en op dié wyse een morele persoon voorstel.

[3] Daar waar staan: 'Laat Hy my met die kus van sy mond kus', beteken dit so ongeveer: Laat die Meester met Sy waaragtige, eie mond met my, Salomo, praat en deur my tot die volk JisraEl en so tot alle mense van die aarde; laat die Meester geen woorde van pure wysheid meer tot my spreek nie, maar woorde van liefde, van lewe! Want 'n woord van liefde is 'n ware kus van Elohim se mond op die hart van die mens en daarom sê Salomo: 'Laat Hy my met die kus van Sy mond kus!'

[4] Nou pas die res van die sin heel goed daarby, waar staan: 'Want u liefde is liefliker as wyn' of te wel: U liefde is vir my en alle mense nuttiger as wysheid. Want met 'wyn' word altyd wysheid en waarheid

bedoel.

[5] Dat Salomo in die eerste sin waarin hy vir iets vra, naamlik om die woord van liefde, My nog in die derde persoon aanroep, beteken dat hy deur wysheid alleen nog ver van My af staan; maar deur die tweede persoon in die res van die sin, waar die rede van die vraag uit die eerste deel uitgespreek word, laat Salomo reeds sien dat hy nader aan Elohim kom op die weg van die liefde as op die weg van suiwer wysheid. Maar die kus, naamlik die liefde, waarvoor Salomo in sy Hooglied gevra het, kry julle almal sopas van My en dus, My beste Simon, is die eerste vers van Hooglied vir jou nou waarskynlik wel ietwat duideliker as wat dit vir jou voorheen was!"

[6] Simon sê: "O Meester, daardeur is die tweede vers vir my natuurlik ook reeds duidelik, en ek sou dit nou wel durf uitle!"

[7] Ek sê: "Doen dit, dan sal ons sien hoe jy die tweede vers verstaan het vanuit die lig van die eerste vers!"

[8] Simon sê: "Dit sal nou kennelik soveel as die volgende beteken: Meester, as U my egter kus met die kus van U mond, as U woord liefde word en dus 'n ware lewensalf, laat dan hierdie salf, hierdie Goddelike woord van liefde van U, vir alle mense verstaanbaar wees. Want ook in die gewone taal gebruik mens dikwels die sierlike 'ruik' in plaas van 'verstaan'. Mens sê dikwels: 'Jy kan tog wel ruik wat dit beteken?' of: 'Hy het die braaivleis of die salf geruik!'

[9] Nou is U, o Meester, hier by ons soos wat Salomo in die eerste vers vra! Ons het U Naam, U gewyde woord van liefde, wat baie kosbaarder is as Salomo se suiwer wysheid! Ons het nou die vir ons uitgegote salf, U Naam, U liefde, U gewyde lewenswoord verstaanbaar aan almal van ons.

[10] Wel, die maagde wat daarom van U hou, is kennelik ook ons, gesien vanuit die standpunt van ons beperkte insig en verstand! Want 'n maagd is weliswaar 'n lieflike wese, nie heeltemal sonder insig en verstand nie, maar in die algemeen gesien kan van 'n groot manlike wysheid tog geen sprake wees nie. Daarom is ons blykbaar die maagde wat U, o Meester, bo alles liefhet, omdat ons U woord van liefde verstaan, waardeur dit dus vir ons 'n uitgegote salf is waarvan die heerlike geur 'n wonderbaarlike genot is vir ons. Sê my, o Meester, of ek nou volgens die eerste vers die tweede wel korrek begryp het!"

[11] Ek sê: "Volkome korrek en fundamenteel waar! Met die Hooglied wat erg onverstaanbaar voorkom, is dit so dat dit baie maklik verstaan kan word as mens die eerste vers maar goed, deur te verstaan wat die beelde beteken, begryp het! Maar noudat jy egter die tweede vers so uitstekend uitgelê het, moet jy ook nog die derde vers probeer; miskien slaan jy daar ook die spyker op die kop!"

[12] Simon sê: "O Meester, nou sou ek my dadelik aan die hele Hooglied wou waag! Die betekenis van die derde vers sien ek nou na die twee eerstes so duidelik voor my soos hierdie heerlike oggend!"

[13] 'Trek my, o Meester, agter U aan, dan loop ons!' Wie, behalwe die liefde, kan geestelik trek?! En die gevolg is dat diegene wat met en deur die liefde onderrig en opgevoed word, in één oomblik meer opneem en verstaan en daardeur werklik loop in die groei van hulle kennis, as in talle jare van dorre en kille wysheid. Die enkelvoudige persoon in die eerste sin is dus slegs 'n morele persoon, en hy verskyn in die laaste deel van die tweede sin verdeel oor 'n veelvoud wat voorlopig kennelik nog gevorm word deur ons en vervolgens deur geheel JisraEl en uiteindelik selfs deur alles wat op die hele aarde mens heet.

[14] Die Koning, die Ewige, die Gewyde, lei my en ons almal nou natuurlik die gewyde en stralende liefdes- en lewenskamer van Sy gewyde Vaderhart binne! En ons verheug ons nou en is uitermate bly oor U, en dink beslis duisendmaal meer aan U Vaderliefde as aan watter dorre en kille wysheid dan ook! Net in U liefde is ons vol nederigheid en eenvoudig en daardeur gelowig van hart; ons is daardeur vroom en in ons geloof, o Meester, het ons U eers volkome lief.

[15] Die oggend van die wysheid, die ooreenkoms met dié bo-op die berg, is weliswaar heerlik en mooi, maar hier benede by die tafels van die gasvrye liefdesmaal in die groot, gewyde kamer van U gewyde (allerapartste) Vaderhart, bevind hom inderdaad ook dieselfde môre van die ware lewe. Bo-op die berg, waar ons onderrig was in die ware kennis, geniet ons van die heerlike oggend van die lewenslig, maar daar was geen tafels waarop voedende en die lewe versterkende, heerlike kosse voorgesit nie.

[16] Die lig van die diepste wysheid geval ons goed, maar U sien by menigeen miskien ook reeds die kiem van eiedunk, wat opkom in die vore van die lewens-tuintjie in die hart, en U sê met die bekoorlikste woorde van liefde: 'Kindertjies, benede in die diepte van die nederigheid vind jy dieselfde oggend! As julle die kort paadjie aflê van die hoogte van eiedunk af, wat gewoonlik 'n gevolg is van groot, suiwer wysheid, na die deemoedige diepte van die liefde, geniet julle dieselfde stralende oggend! En benede in die diepte van die liefde vind jy hom net soos hier, en daar geniet jy hom dubbel, want daar is nie net dieselfde lig nie, maar in die liefde en die nederigheid bevind hom ook die bron van die lig en die liefdeslewe! Benede staan die vol tafels tot versterking, voeding en instandhouding van die lewe in al sy fasette!'

[17] O Meester, daarheen het U ons deur die ware kus van U gewyde mond getrek en ons het toe nie meer gehuiwer nie, maar het agter U aangeloop en het U nou lief as U egte gelowiges wat in alle liefde en nederigheid glo! Meester, het ek die geheel nou goed verstaan en weergegee en die innerlike betekenis van die aanmaning wat U op die berg uitgespreek het, ontdek?"